



DIE OLIELAMP

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

Redaksioneel

REAKSIES

Hierdie maand is dit 'n uitgawe met baie reaksies. Al die reaksies gaan oor die drank-kwessie, en dit is goeie punte wat gemaak word. Baie dankie vir al hierdie reaksies. Ons hoop dat daar in die toekoms op ander (miskien belangriker) artikels ook reaksies sal wees. Laat ons **ALMAL** ook altyd voor oë hou dat dit nie oor **ONSSELF** gaan nie, maar oor die Woord van God en 'n lewenswyse daarvolgens. Behou respek vir mekaar en kry 'n oplossing vanuit die Bybel, en nie vanuit ons eie persoonlike voorkeure nie.

Op 'n heel ander noot: Die langverwagte landelike verkiesing (of langverwagte vakansiedag vir ander!) is nou iets van die

verlede.

Baie het hul kruisies gaan trek op die tweede Junie. Al die uitslae is gefinaliseer. Almal het verskillende menings en voorspellings oor die hele aangeleentheid en wat alles nou gaan gebeur. Dit is dan tog weer bemoedigend om te weet (en te onthou) dat 'n politieke party(e) **NIE** die toekoms van ons land bepaal nie, maar ons Vader in die Hemel het alles in sy hand en dit is Hy wat die toekoms van hierdie land bepaal. Laat ons dit ook by mekaar inskerp.

Geniet die uitgawe!
Vriendelike groete
Mirjam

INHOUD

Uit die Woord	Die lewe is die moeite werd	Sandra Scheltens	2
	God se Woord is onmisbaar	Marlene de Vente	2
Oppad	Grootdoop of Kinderdoop?	Margreet Moes	3
	'n Christelike lewenstyl	Rinus Kamphuis	4
	Staatsonderwys	Welma Wehmeyer	5
Voel jy ook so?	Hoe gaan dit?		6
	Net drank asseblief		7
	The Importance of a smile (Die waarde van 'n glimlag)	Rinus Kamphuis & Dirk Boon	8
	Het ons perspektief verloor?	Mirjam Raimond	9
Reaksie	Pst! Kan ek 'n bier kry asseblief	Frans Douma	10
	Reaksie: Die drankkwessie	Rynald de Wit	11
	Spieëltjie, spieëltjie aan die wand . . .	Roelof de Jong	12
	Waaroor gaan dit werklik?	Ds Christo Heiberg	13
	Kongres en drank	Dirk Boon	14
Rehobot	Deur die sleutelgat		15
Algemeen	Verjaarsdae		16

DIE LEWE IS DIE MOEITE WERD!

Sandra Scheltens

As jy na Prediker gaan kyk, sal jy agterkom dat hy geensins 'n optimis was nie. Hy is die man wat wou uitvind wat die lewe die moeite werd maak.

Redaksies:

Pretoria:

Redakteur: Dirk Boon (dboon@csg.pwv.gov.za)
 Sekretaresse: Karina Smit & Annet Lubbinge
 Penningmeester: Rinus Kamphuis
 Lid: Arjan van Houwelingen

Maranata:

Redakteur: Johannes de Vries
 (johannes@ef.techpta.ac.za)
 Penningmeesteresse: Cora Visser
 Sekretaresse: Anneke de Jager
 Lede: Annemarie de Vente & Margreet Bron

Kaapstad:

Redaktrise: Mirjam Raimond (mraimond@adept.co.za)
 Artikelversorging: Maartje Eefting &
 Christine van der Linden
 Sekretaresse: Margreet Moes
 Finansies: Jaco Haak
 Lid: Erik van Alten

Kontakpersone:

Johannesburg: Wolter Bijker (wolter@global.co.za)
 Bethal: Leclue Nienaber


Uitleg:

Bijker Broers (gerhard@wefa.co.za)

Ons hoop om *Die Olielamp* 9 keer per jaar uit te gee. Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende internet adres:
<http://www.vgk.org.za/olielamp/>

Koste: R35 per jaar

Baie van ons leef 'n lewe van roetine. Elke dag lyk min of meer dieselfde en dan sal jy dink: Is dit nou die moeite werd? Het dit betekenis? Ons is almal in 'n kringloop vasgevang soos wat die Prediker dit ook tereg sê. Maar Agter die kringloop staan die Skepper van die kringloop. En Hy het dit nie sonder betekenis gemaak nie. As jy Hom eers raaksien, dan lyk die kringloop ook skielik heeltemal anders. En dan word die dinge in die lewe wat jy nie kan verander nie, die moeite werd.



Prediker het gevind dat besittings, aardse plesiertjies, kennis en wysheid die lewe definitief nie die moeite werd maak nie. Hy het wel gesien dat alles uit die hand van God kom. Dit bring vir jou blydschap. Om dus die betekenis van die lewe te vind, moet jy met God rekening hou. Daar is eenvoudig sekere dinge wat jy nie kan doen as God dit nie moontlik maak nie. Trouens, jy kan nie leef, jy kan nie eet, jy kan nie geniet as Hy dit nie moontlik maak nie.

Doen wat daar is en gebruik die geleentheid wat God uitdeel. Vind vreugde in die werk wat jy doen.

Wanneer God deel is van jou lewe, kom jy agter hoe wonderlik die lewe regtig is. God is daar om vir jou te leer hoe 'n groot fees die lewe kan wees. Dit is wat Jesus eintlik kom doen het: Om vir jou die lewe in al sy oorvloed moontlik te maak. (Joh. 10:10)

Die lewe kom van God en daarom is dit die moeite werd. Ook in moeilike dae moet jy dit in gedagte hou. Dit maak nie saak wat gebeur nie, leef voluit!

GOD SE WOORD IS ONMISBAAR

Marlene de Vente

Dat die Bybel 'n baie belangrike boek is, daarmee stem almal saam.



Sonder die Bybel sou ons God nie ken nie, God, die almagtige Skepper van hemel en aarde, die liefdevolle Vader van Sy kinders, maar ook die regverdige Regter wat geen sonde deur die vingers sien.

Sonder die Bybel sou ons ook onself nie ken nie: in sonde ontvang en gebore met 'n natuur om te haat,

waardeur ons 'n onbetaalbare skuld by God het, 'n skuld wat ons elke dag net groter maak.

Sonder die Bybel sou ons ook ons Verlosser nie ken nie, ons Here Jesus Christus, wat die oneindige skuld vir ons betaal het met die prys van sy eie lewe.

Sonder die Bybel sou ons ook nie weet op watter manier ons bly en dankbaar moet wees vir die

verlossing wat ons ontvang nie.

Sonder die Bybel sou ons nie weet van die heerlike toekoms wat vir ons wag, 'n erfdeel op die nuwe aarde, waar ons ons hemelse Vader volmaak mag dien.

God se kinders moet mos weet wat in die Bybel staan? Hoe kan hulle anders op God se beloftes vertrou? Wie

die Bybel nie ken nie, ken God ook nie, want God het Hom in sy Boek bekend gemaak. En wie God nie ken nie gaan verlore!

Dat die Bybel 'n belangrike Boek is, daarmee stem almal saam. Maar gebruik ons hierdie Boek genoeg? Kan ons ooit genoeg kry van God se Woord?

Oppad

GROOTDOOP OF KINDERDOOP?

Margreet Moes

Kinderdoop - Grootdoop - Herdoop (Prof. L. Floor)
Die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika -
Hulle leer getoets aan die skrif (Ds. A. J. Van Staden)

As ek hierdie opskrif sien, lees ek die artikel daaronder gretig in die hoop om 'n antwoord te kry. Maar ek is baie keer teleurgestel omdat dit my nie kon oortuig nie. Daarom het ek self gaan navorsing doen en agtergekom dat dit onmoontlik is om die antwoord in een sin te formuleer, of selfs in een artikel. Daarom verwys ek bo-aan na die twee boeke waaruit ek gewerk het. Ek gaan probeer om 'n paar gedagtes uit te haal en op te som. Gebruik die Bybel om die tekste na te slaan.

Doop in die Ou Testament

Water is gebruik vir reiniging, bv. deur die priesters, as die simboliese reiniging van die innerlike van sonde. Die proselietedoop is gebruik om heidene, wat eers besny is, ook nog te reinig van hul heidendom wanneer hulle deel van die volk Israel geword het.

Doop in die Nuwe Testament

Die doop van Johannes word in Mark. 1:4,5 beskryf as die doop van bekering tot vergifnis van sondes en verseker die dopeling, dat so seker soos die water sy liggaam skoon was, so seker was die bloed van Christus sy sondes af. Die Christelike doop word in Matt. 28:19 en Mark. 16:16 beskryf en sluit aan by die doop van Johannes. Waar Johannes se doop vorentoe gewys het na die Verlosser, wys die doop deur Christus ingestel terug na die Verlosser.

Vereis die doop geloof en bekering by die dopeling?

In Matt. 28:19 en Mark. 16:16 kry die dissipels die opdrag om die heidene te bekeer, dus 'n sendingsopdrag. Waar mense hul uit die heidendom bekeer, moet hulle nog gedoop word. Dis wat ook op ons sendingsvelde gebeur. Daar is geloof en bekering

wel nodig voor die doop. In 1 Kor. 7:14 word genoem dat kinders van 'n gelowige ouer(s), heilig is. In Matt. 19:14 seën Jesus die kindertjies en sê: "...aan sulkes behoort die koninkryk van die hemele...". Kinders is dus deel van God se volk, net soos hul gelowige ouers.

Is Jesus as volwassene gedoop?

Jesus se doop word in Mark. 1:9 beskryf. Nou kan gevra word: hoekom is Jesus nie as klein kind gedoop nie? In daardie tyd was dit ongeoorloof vir 'n man om voor 30-jarige ouderdom op te tree. Daarom het Johannes eers op 30-jarige ouderdom begin doop en het ook Jesus toe eers begin optree in die openbaar. Jesus is wel besny. Jesus se doop kan nie as voorbeeld vir grootdoop gebruik word nie, omdat sy doop verskil van die doop by die mens. Jesus het geen sondes gehad om te bely of nodig gehad om Hom te bekeer nie. Sy doop het vooruit gewys na sy dood en opstanding.

Is daar in die Bybel geen opdrag om klein kindertjies te doop nie?

Die doop is nie die enigste kwessie waarvoor daar nie 'n uitdruklike uitspraak in die Bybel is nie, byvoorbeeld die Drie-enigheid van God of die instelling van die Sondag.

Paulus praat in 1 Kor. 10:1,2 van die volk Israel, insluitende kinders, wat deur die see en die wolk in Moses gedoop was. Petrus sê in Hand. 2:38,39: "...die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is..." Dit is soos in Joël 2:28 voorspel word: "...sal Ek my Gees uitgiet op al vlees..."

Die doop van klein kindertjies word nie verbied nie

In die volgende skrifgedeeltes is hele huisgesinne, wat dus klein kindertjies kon insluit, gedoop. Hand. 10:24,25; 11:14; 16:15; 18:18, 1 Kor. 1:16

Die vroeë kerk

Ireneus (140 nC) het gepraat van die doop van suigeling en klein kindertjies. Origenes (185 nC) en

Augustinus (354 nC) het die kinderdoop aanvaar as oorlewering van die apostels.

Die verbond

Is die verbond van God in Gen. 17:7,11 slegs vir die vleeslike afstammeling van Abraham? Nee. Gal.3:7,29; Matt. 3:9; Joh. 8:37-40; Luk. 19:1-10 bewys die teendeel. God neem die Ou Verbond op in die Nuwe Verbond en laat dit nie vaar nie, omdat dit 'n ewige verbond is.

Wat leer Kol. 2:11,12?

In Rom. 4:11,12 skryf Paulus aan die onbesnede Christene: *“En hy het die teken van die besnydenis ontvang as 'n seël van die geregtigheid van die geloof toe hy nog nie besny was nie; dat hy die vader sou wees van almal wat glo terwyl hulle onbesnede is, sodat ook aan hulle die geregtigheid toegereken sou*

word; en ook 'n vader van die besnydenis vir die wat nie alleen uit die besnydenis is nie, maar ook wandel in die voetstaple van die geloof van ons vader Abraham toe hy onbesnede was.” Abraham is dus die vader van die gelowiges uit die Jodedom en heidendom. Hoef hulle dan geen verbondsteken te dra nie? In Rom. 2:28,29 is die ware besnydenis die besnydenis van die hart. Nou is die vraag: het die geestelike besnydenis ook 'n teken soos die vleeslike besnydenis? Paulus antwoord hierop: *“..in wie julle ook besny is met 'n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus, omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het.”* Paulus sê aan die gelowiges uit die heidendom dat hulle ook 'n teken dra soos die wat die vleeslike besnydenis ondergaan het, nl. die doop.

‘N CHRISTELIKE LEWENSTYL

Rinus Kamphuis

In die wêreld om ons heen sien ons allerhande verskillende style. Geboue, motors, modes ens. vertoon elk kenmerkende style. Net so kry ons ook verskillende lewenstyle. Lewenstyle hang af van die normes en waardes in 'n mens se lewe. 'n Christen lewe anders as iemand wat met die houding lewe van: laat ons eet en drink en vrolik wees, want môre sterf ons dalk.

Lewenstyle verander ook met die tyd. Ons ouers en grootouers het 'n ander lewenstyl in hul jeug gehandhaaf as wat ons vandag doen.

Dit is belangrik as ons praat van 'n Christelike lewenstyl dat ons Christus sentraal stel. In 'n Christelike lewenstyl is dit nie die ek wat sentraal staan nie, maar ons diens aan Christus. Want Christus het ons vrygekoop deur sy bloed en daarom moet ons soos volg lewe: nie wat ek wil nie, maar wat U wil. 'n Christelike lewenstyl behels dus om in alles tot eer van God te lewe.

Ons Christelike lewenstyl moet daarom 'n eenheid wees en nie tweeslagtig nie. Ons moet altyd so lewe dat ons as kinders van God herkenbaar is. Dit beteken dat ons deur die week nie 'n ander lewenstyl handhaaf as op Sondae nie. Ons moet so 'n lewenstyl handhaaf dat die wêreld aan ons kan sien dat ons anders is.

Dat 'n Christelike lewenstyl 'n eenheid moet wees in

die sin dat ons as gereformeerdes almal dieselfde lewenstyle moet handhaaf, is natuurlik nie die bedoeling nie. In elke kerklike gemeente is daar verskillende lewenstyle. Dit beteken nie dat almal hulle gang kan gaan nie, ons leef immers in die eerste plek tot eer van God en nie vir onself nie. Ons leef egter ook in die gemeenskap van die heiliges tussen broeders en susters en ons het 'n verantwoordelikheid vir mekaar. Ons lewenstyle moet dus wees tot eer van die Here en tot opbou van sy gemeente.

'n Christelike lewenstyl behels dus om in alles tot eer van God te lewe.

Daar is vandag baie maniere waarop die duiwel ons lewenstyle probeer beïnvloed. Dink bv. aan sekere TV programme, films, musiek en uithangplekke. Dit lyk of die maniere waarmee die duiwel in ons lewens kan indring steeds meer word. In ons lewenswandel moet dus duidelik uitkom hoe ons daarmee omgaan. Gee ons net so aan alles toe of gaan ons selektief te werk met die gedagte dat ons in die eerste plek tot eer van God lewe?

Om 'n Christelike lewenswandel te handhaaf is 'n proses van val en opstaan. Ons is sondige mense en daarom moet ons elke dag op ons knieë gaan en vergewing vra vir ons sondes en ook vra vir krag dat die Heilige Gees in ons kan werk om staande te kan

bly. Ons lewens is 'n voortdurende stryd teen ons sondige natuur. Ons kan dus nie argeloos omgaan met die versoekings rondom ons nie. Ons moet ons swak posisie besef. 'n Christelike lewenstyl vra dus om wedergeboorte.

Om 'n Christelike lewenstyl te handhaaf begin deur wat Paulus noem die beoefening van die godsvrug. Godsvrug behels 'n goeie en diep eerbied vir die Here en dit ook te toon deur sy geboorte te onderhou. Om dus 'n goeie Christelike lewenstyl te handhaaf benodig oefening in die godsvrug (1 Tim. 4:7). Dit is belangrik dat ons in ons lewenswandel al hoe meer na Christus toe groei deur die beoefening van die godsvrug.

Ons sal die beoefening in die godsvrug ook konkreet moet maak in die praktyk. Dit sal beteken dat ons vir sekere dinge nee sal moet sê. Nee vir sekere TV programme, films, musiek en plekke waar ons as Christene nie tuis hoort nie.

Omdat Christus vir ons sondes aan die kruis gesterf het, is ons vry van die sondes en die dood. In Christus is ons dus vry. Dit beteken dan nie dat ons in 'n kerklike omgewing kan doen wat ons wil nie. In die kerk hang jou vryheid af van dit wat goed is vir jou naaste. Dus as jy in die kerk bepaalde dinge nalaat ter wille van jou naaste, beleef jy pas ware Christelike vryheid. So kan Paulus dus aan die gemeente van Korintiërs sê: *“Daarom, as voedsel my broeder laat struikel, sal ek in der ewigheid geen vleis eet nie, om my broeder nie te laat struikel nie.”* Christelike vryheid word dus so ingevul met naasteliefde. Dit kom neer op rekening hou met mekaar se swakhede.

Dit beteken egter nie dat ons nou alles vir ander moet doen of nalaat sodat dit jou naaste nie aanstoot gee nie. Die aanstoot gee waarvan die Bybel hier praat is anders as iemand irriteer. Mense kan hulle in die kerk aan 1001 dinge vererg sonder dat dit hulle sal

laat struikel. Smaak verskil en ons kan mekaar nie in alles voorskryf nie. Ons moet egter wel daaraan werk om altyd 'n Christelike lewe te bly handhaaf.

Daar is dus nie een regte, konkrete Christelike lewenstyl nie. As dit so was sou die kerk uiteen gegroei het a.g.v onderlinge onenigheid. Ons moet wel bereid wees om met mekaar oor ons lewenstyle te kan praat vanuit die Skrif. Die belangrikste is dat ons onself telkens afvra hoe God wil hê dat ons moet leef.

Hier onder volg 'n paar riglyne waarvolgens ons, ons lewens kan inrig om 'n Christelike lewenstyl te probeer handhaaf, dit het voorheen al 'n keer in die destydse Wapenrusting verskyn.

- Stel in jou lewe regte prioriteite. Sorg vir 'n goeie relasie met God wat dan weer rus en vertroue in jou omgewing sal uitstraal. Daarna kom kerk, werk, studies en persoonlike aktiwiteite soos sport ens.
- Neem daaglik tyd vir gebed en Bybelstudie.
- Bestee aandag aan kommunikasie met gesinslede, geloofsgenote, kollega's en ander mense in jou persoonlike omgewing.
- Gaan selektief om met die beïnvloedende massamedia. Bv. TV en die elektroniese snelweg, Internet.
- Moet nie van medemense vergeet wat dit materieel nie so goed het soos jy nie, want diensbaarheid en vrygewigheid verryk jou geestelike lewe.
- Bied weerstand teen die vrye denkrigtings van vandag soos bv. New Age.
- Handhaaf 'n verantwoordelike “budget” dissipline wat aansluiting gee by jou omstandighede.
- Wees bewus van wat in die land en die wêreld om jou aangaan, maar moenie dat die probleme jou ontmoedig nie.

STAATSONDERWYS

“En toe ook daardie hele geslag by hulle vaders versamel is, staan daar 'n ander geslag na hulle op wat die HERE en ook die werk wat Hy vir Israel gedoen het, nie geken het nie. En die kinders van Israel het gedoen wat verkeerd was in die oë van die HERE” (Rig. 2:10;11).

Welma Wehmeyer, lid van die VGK Bethal

Die ou en nuwe regime

Vir die Afrikaner is die term "privaatskool" 'n heel nuwe begrip. As finalejaar skolier het ek besluit om 'n onderwysloopbaan te volg, natuurlik in 'n "staatskool". Daar was geen ander tipe skool in my verwysingsraamwerk op daardie stadium nie. Kerk en skool het in die vorige Suid-Afrikaanse regime dieselfde beginsels onderskryf. Afrikaner



Christene kon hul kinders met vrymoedigheid na 'n staatskool stuur en Christenonderwysers kon met vrymoedigheid hul geloof ten volle uitleef binne die opset van 'n staatskool. Die kerk en skool was in noue verbinding – op bykans elke

bestuursraad was daar 'n leraar teenwoordig. Die bestuursraad self het bestaan uit kerkklidmate. Die deursnee onderwyser was belydende Christene wat hul roeping aktief beoefen het.

Alhoewel hierdie stelsel baie leemtes gehad het, het die staatskole tog 'n Christelike grondslag gehad en daarvolgens gefunksioneer.

Nodeloos om te sê het die situasie drasties verander! Soos alle ander staatsinstansies in die "Nuwe Suid-Afrika", het daar in die staatskole ook 'n paradigmaterskuiwing plaasgevind. Die drie rolspelers, nl. **staat, ouers** en **onderwysers** waarvan die staat, soos die naam ook aandui, natuurlik die hoofrolspeler en bepalende faktor is lyk glad nie meer dieselfde nie.

- Die staat of regering se vertrekpunt is die humanisme en nie God en sy Woord nie.
- Die oorgrote meerderheid onderwysers in staatskole is deel van 'n kerkverband wat mense dien eerder as vir God.
- Die ouers wat op bestuursrade dien is meestal ook deel van bg. kerke en in toenemende mate apaties teenoor die kerk.

Teken maar die prentjie vir jouself en jy sal sien dat daar in hierdie bedeling nie plek vir Christus is nie. Die eerlike antwoord op die vraag of staatskole nog 'n veilige Christelike opsie vir verbondskinders is, is

HOE GAAN DIT?

Wie van ons het nie al hierdie vraag beantwoord nie? Sodra jy 'n bekende gesig raakloop, is dit amper die eerste ding wat gevra word. En na aanleiding van die persoon se antwoord is daar somer gou 'n aanknopingspunt om die geselsie mee te begin. 99 persent van die kere kry jy dieselfde antwoord: dit gaan goed... Maar gáán dit regtig altyd met almal goed of verwag ons van die ander dat dit moet goed gaan, want daar is mos niks om oor te kla nie? Vra

na my mening definitief **nee!**

As onderwyser in 'n staatskool raak dit toenemend moeiliker om jou Christelike geloof ten volle uit te leef. Om die Woord van die Here konsekwent toe te pas is 'n stryd wat toenemend moeiliker raak. Ek weet nie presies in watter toestand die staatskole in Pretoria en Kaapstad is nie. Maar my bevinding in die skool waar ek tans onderwys gee, is dat dit vir 'n kind met sterk Christelike beginsels byna onmoontlik is om hom- of haarself as jongmens, op pad na volwassenheid, in so 'n skool uit te leef. Is dit nie juis die doel van 'n skool nie - dat die jongmens as kind van God vrylik en met so min as moontlik weerstand kan ontwikkel tot volwassene nie?

Die staat of regering se vertrekpunt in die onderwys is die humanisme en nie God en sy Woord nie.

Dit is die verantwoordelikheid van die ouer om hiervoor te sorg.

"En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daarvoor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan" - Deut. 6:6;7.

Mag die HERE vir ons wysheid gee sodat die volgende Bybelgedeelte ook van ons en die geslagte na ons waar sal wees:

"Wat ons gehoor het en weet en ons vaders ons vertel het, sal ons nie verberg vir hulle kinders nie, maar aan die volgende geslag vertel die roemryke dade van die HERE en sy mag en sy wonders wat Hy gedoen het. Hy tog het 'n getuienis opgerig in Jakob en 'n wet gegee in Israel, wat Hy ons vaders beveel het - om dit aan hulle kinders bekend te maak, sodat die volgende geslag dit kan weet, die kinders wat gebore word, dat hulle kan opstaan en vertel aan hulle kinders, en hulle vertrou op God kan stel en die dade van God nie vergeet nie, maar sy geboorte kan bewaar" - Ps. 78:2-7

ons maar net uit gewoonte (omdat almal dit doen) of wil ons regtig meer weet van die ander persoon?

Dis tog belangrik met watter houding jy dit vra, want hoeveel keer gebeur dit dat daar gesê word dit gaan goed, maar eintlik is dit glad nie die geval nie, of ons hóór nie eers as dit sleg gaan nie. Sommige dae gaan dit maar aaklig by die werk of die huis, jy is hoogs gefrustraerd of diep ongelukkig oor

iets, sê mens dan maar dit gaan goed, want ondanks alles wat vandag weer verkeerd geloop het in jou lewe, is daar honderde ander dinge om voor dankie te sê.

En wannéer gaan dit dan sleg met ons, as alle dinge op jou pad skeef geloop het of as jy nie goed voel nie? Aan die ander kant het eintlik niemand rede om te sê dit gaan sleg nie, want ons Vader in die hemel gee elke oomblik van ons lewe alles wat daar nodig is, ons het nog nooit te min gekry nie, dit was altyd genoeg... Dit alles het baie te doen met dankbaarheid. Dis moeilik om regtig dankbaar te wees, want ons kla veel eerder oor dit wat ons nie het nie as om bly te wees met dit wat ons het. Maar dis nie waar dankbaarheid

***Vra ons maar net uit gewoonte,
of wil ons regtig meer weet van
die ander persoon.***

eindig nie. Dankbaarheid is daarmee saam om dankie te sê vir die Een van wie jy alles gekry het. As jy regtig dankbaar is, sal jy nooit die Persoon agterna verwyrt dat dit die verkeerde ding was en jy glad nie tevrede is daarmee nie. Dankbare mense is gewoonlik baie gelukkig en met hulle gaan dit regtig goed.

Hierdie is iets baie klein en onbelangriks om oor te skryf, maar vir mense met wie dit regtig nie goed gaan nie, is dit van groot

betekenis as jy tyd het om na hulle te luister en 'n hart het om te verstaan. Ons is mos nie hier op die aarde vir onself en ons eie belange nie, maar om vir mekaar opofferings te maak en dienend vir elkeen iets mag beteken.

NET DRANK ASSEBLIEF!

Daar is die afgelope tyd baie gediskussie oor die drankkwessie op kongres. Dit is goed om oor sulke dinge te besin, veral omdat dit ook 'n saak is wat ons almal se geloof raak. 'n Mens hoop regtig dat die diskussie tot op 'n goeie einde mag kom.

Wat my egter verbaas het – was wat ek by 'n Olielamp redaksielid gehoor het: Daar was ongeveer 8 reaksie artikels op Jaco de Wet se artikel oor drank op die kongres. Nie dat ek meen dit is verkeerd om daarop te reageer nie, maar sjoe mense! Is dit al waaroor ons bereid is om te reageer? Hoe baie keer word daar in ander artikels in die Olielamp tot selfs dwaalleringe geskryf, en niemand reageer daarop nie? Dit kom voor dat sodra daar iets is wat teen persoonlike belange van ons jeug ingaan, ons baie vinnig die strydbyl opgrawe en heftig met die swaard rondswaai. Maar oor werklike geloofsake en dergelike dinge is dit maar redelik dooierig.

Dit lyk wel asof Jerusalem omsingel word, terwyl sy inwoners eet en drink met die leuse: “gaan mal, want môre sterf ons!” As ons in die kerk van Christus vandag omsingel word deur die bedreiging van 'n meer en meer verwêreldlike (sekulêre) samelewing en staat, gaan ons dan ook onself daarvan afsluit en dink: “Aag wat, ons is mos bewapen in die kerk! Hoekom moet ons nou nog moeite doen om mekaar se geloof te versterk?”

Christus vra juis van ons om onself te bewapen (sien die artikel van Johan Snyman in 'n vorige uitgawe). Dis aktueel vir NOU en vandag! Ons moenie dink dat

die kerk gaan veroorsaak dat ons veilig is nie! Ons moet aktief wees en weet wat in die wêreld aangaan om die Satan op alle terreine te kan beveg, binne en buite die kerk. En ons moet binne en buite die kerk stry vir die Koninkryk van God. Dit beteken dat ons kennis moet bekom oor allerhande sake in ons daaglikse lewe.

Is hierdie oormatige aantal reaksies op die drank artikel nie 'n teken van die Bybelteks wat sê: “My volk gaan te gronde as gevolg van 'n gebrek aan kennis”? Soek ons werklik aktief met hele harte na kennis en insig om Christus as ons Koning op ALLE lewensterreine beter te leer ken? Is ons nie geneig om bv. die Olielamp neer te sit as daar 'n artikel in staan wat skynbaar niks betrekking het op my nie? Dis 'n

Ons is lui om kennis te vergaar oor die wonderlike skepping van God, en verskriklik aktief oor ons eie belange!

teken van luiheid!

Ons is lui om kennis te vergaar oor die wonderlike skepping van God, en verskriklik aktief oor ons eie belange!

Die term NIMBY-isme (Not In My BackYard) kom hier ter sprake. As iets nie lekker vir my lyk nie, sal ek ook nie moeite doen om meer daarvan te leer nie. Wat sê Christus oor die gemeente van Laodicea? “Julle is lou, en Ek sal julle uit my mond uitspoeg.” Wil ons 'n kerk wees sonder Christus?

Ek sou sê laat ons liever die geleentheid wat ons het (soos die Olielamp en minikongresse ens. ens.) gebruik om onself te bewapen. Ons moenie lui wees nie. Want die luiaard moet na die mier gaan kyk en

wys word. Laat ons liever soos miere YWERIG ons roeping as rentmeesters van die aarde nakom – en God se Koninkryk bou!


THE IMPORTANCE OF A SMILE (DIE WAARDE VAN 'N GLIMLAG)

Rinus Kamphuis en Dirk Boon

"A SMILE costs nothing, but gives much. It enriches those who receive, without making poorer those who give. It takes but a moment, but the memory of it sometimes lasts forever. None is so rich or mighty that he can get along without it, and none is so poor but that he can be made rich by it. A smile creates happiness in the home, fosters good will in business, and is the countersign of friendship. It brings rest to the weary, cheer to the discouraged, sunshine to the sad, and is nature's best antidote for trouble. Yet it cannot be bought, begged, borrowed, or stolen, for it is something that is of no value to anyone until it is given away. Some people are too tired to give you a smile. Give them one of yours, as none needs a smile so much as he who has no more to give." -- believed to be based on the writings of Rabbi Samson Raphael Hirsch

Gaan kyk bietjie as jy vroeg in die oggend op die pad is, na al die werkende mense wat werk toe ry. Hoe baie van hulle lyk vrolik, of het 'n lag om die mond? Jy sal agterkom dat die meeste mense redelik somber en bot kyk. Soms het jy egter die uitsondering op die reël – iemand wat kliphard agter sy stuurwiel sit en lag.

Dan wonder mens "Sjoe, wat het oor sy of haar lewer geloop?" Dan word mens of aangesteek om ook te lag, of jy raak geïrriteerd met die ou, omdat jyself nie kan lag nie. Die feit bly staan, die ou wat lag het op daardie oomblik vreugde.



Hierdie is nogal 'n mooi stukkie om te lees. 'n Mens is geneig om met die skrywer saam te stem oor die filosofie van die glimlag. Ons is baie keer maar onwillig om te glimlag. Ons sien altyd makliker die donker kant in van 'n saak as die blink kant.

'n Mens kry deesdae baie van hierdie tipe verhaaltjies en stukkie, veral per e-mail. Kan 'n mens iets daaruit leer?

'n Mens kan beslis iets daaruit leer. Tog moet 'n mens jou oë oop en wakker hou vir hierdie stukkie. Die probleem met hierdie stukkie is dat dit glad nie verwys na ons 'vertikale' verhouding met die Here nie, maar net na ons 'horisontale' verhouding met mekaar. Daar word net gefokus op mense onderling en nie op die verhouding van die mens met God wat in die eerste plek belangrik is nie. Daar word op

horisontale vlak verwys na wat ons onderling vir mekaar kan beteken (wat NIE verkeerd is nie), maar daar is geen verwysing na die mees belangrike komponent: ons direkte verhouding met die Here.

Daar word verder nie verwys na waar die glimlag vandaan kom, terwyl daar baie Bybeltekste is wat verwys na die vriendelikheid (glimlag) as 'n gawe van die Heilige Gees.

Vriendelikheid is 'n kenmerk van 'n gelowige wat die Here en sy naaste liefhet van harte, en nie om iets daaruit terug te verwag van ander mense nie. Vriendelikheid van iemand wat nie die verband met die Here erken nie, is nie verkeerd nie, maar mis helaas daardie ongelooflike diepte wat alleen moontlik is as mens regtig verstaan waar die 'deug' van die vriendelikheid vandaan kom: 'n gawe van die Heilige Gees!

Dis belangrik dat ons weet hoe om met hierdie tipe stukkie om te gaan, omdat die Satan hier agter op die loer lê. Hy wil hê ons moet vol liefde met mekaar omgaan, maar van God te vergeet in die proses. Hy wil hê dat die mens moet dink dat hyself hierdie liefde en vriendelikheid kan genereer en in stand hou. Maar die mens is dood in die sonde, en is sonder die Here tot NIKS goeds in staat! Daarom is dit so belangrik om in al hierdie stukkie te kyk wat daar presies staan. As die verhouding met God in die eerste plek afwesig is, dan mis die hele boodskap sy doel.


'n Baie mooi teks om in verband hiermee te lees is Galasiërs 5: 16 – 26. Die verskil tussen die werke van die vlees en die werke van die Gees kom hier na vore.

Lees veral vers 22:

“Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.”

Let op! Dit is werke van die Gees (met ‘n hoofletter)!! Nie werke van die ‘goeie mens’ of van

die gees (met ‘n kleinletter) nie! Laat ons daarom die Here dankbaar wees dat Hy hierdie gawes in ons, en selfs in mense wat nie glo nie, se harte werk. Dis onteenseglik ‘n gawe wat van Hom alleen kom.



HET ONS PERSPEKTIEF VERLOOR?

Mirjam Raimond

Wat is deesdae vir ons belangrik? Ons leef in so ‘n gejaagde wêreld dat die meeste van ons min of selfs nooit meer stilstaan by dit waaroor dit werklik gaan in hierdie wêreld nie.

Hoekom is dit vir ons belangrik watter klere ons dra, wie die gewildste is, wie die meeste geld het, waar ons orals gaan om sosiaal te verkeer, ens. – om maar net ‘n paar dinge te noem? Hoekom voel ons ingeperk deur ons Christenskap? Hoekom probeer ons altyd inpas by die wêreldse mense?

Jeugvereniging en Kerk gaan

Kom ons neem hierdie saak nou verder. Waarom gaan ons altyd traag jeugvereniging of kerk toe? Hoekom is ons so baie kere nie lus nie en gaan dan met ‘n totaal negatiewe ingesteldheid?

Besef ons nog waaroor dit alles gaan? Besef ons nog die groot rykdom en genade van Jeugvereniging? Ons kan ons kennis deel en met mekaar praat oor dit wat ons pla of dinge met mekaar deel wat vir ons mooi was.

Dit is ook nie ‘n ‘moet’ om jeugvereniging en kerk toe te gaan nie, maar iets wat jy graag WIL doen. Probeer ook met die regte ingesteldheid kerk toe te gaan en jeugvereniging by te woon. Dan sal dit ook soveel meer vir jou beteken en jou help om die wêreld elke week weer te trotseer.

Ons lewe hier op aarde is so kort en tydelik van aard. Enige van ons se lewe kan in ‘n oomblik se tyd tot ‘n einde kom. Wat het jy dan? Niks wat ons hier op aarde ook gehad of versamel het, kan ons saamneem nadat ons doodgegaan het nie. Waarom dan nog soveel klem plaas op al hierdie aardse dinge? Dit gaan alles verby. Wat is dus werklik belangrik vir ons in hierdie wêreld?

Waaroor gaan dit nou eintlik?

Ons is hier op aarde om God se Woord en genade uit

te leef en uit te dra. Ons leef in totale afhanklikheid van God en alles is van God afhanklik. Alles wat hier op aarde gebeur, groot of klein, was en is deel van God se Raadsplan en niemand kan daaraan verander nie.

Ons weet ook dat alles hier op aarde tydelik is. In die ewige lewe hierna gaan ons ewig saam met God lewe en ons gaan vir ewig by Hom wees. Verder sal daar geen pyn en lyding, geen tranes, ongelukkigheid en hartseer meer wees nie. Daar gaan net vreugde en blydskap in oorvloed wees saam met God. En dit alles is vir ons beskore omdat God ons so liefgehad het dat Hy sy lewe vir ons gegee het om vir ons sondes te betaal.

Waarom dan nog soveel klem plaas op al hierdie aardse dinge?

Wat van nou?

Ons weet ook dat ons hier op aarde nie alleen is nie, nooit nie. Met al ons moeities en verdriet is God daar om ons altyd by te staan en weer op te help en verder te gaan. Wie anders as ons het so ‘n Trooster? En vir ons voorspoed wat ons hier op aarde geniet, moet ons altyd weer voor God dankbaar wees in alle nederigheid. En baie van ons het baie om voor dankbaar te wees. Want alles kom van God af en watter God is so genadig met so baie seëninge soos wat ons ontvang? Dan sal ons ook daarna streef om volgens die Tien Gebooe te lewe want ons weet dat dit die beste is vir ons.

Ja, en dan sal jy soms gebrandmerk word as ‘n ‘kerkmens’ en dan sal jy ook soms keuses moet maak wat jou uiters ongewild kan maak. Dan sal jy ook soms in moeilike situasies kom waar jy baie gaan uitstaan a.g.v. jou standpunt, maar dink weer na oor waaroor dit alles gaan en oor hoe genadig God vir jou is.

Laaste gedagte

Laat ons dan ook ons tyd hier op aarde gebruik om deur middel van ons lewenswyse 'n getuie te wees van God sodat die wêreld ook kan sien watter rykdom ons besit.

Wil jy dan nou werklik deel wees van hierdie wêreld? Ek hoop hierdie artikel het alles weer bietjie in perspektief geplaas.

Ek sluit af met twee tekste:

- Mark. 8:36 *Want wat sal dit 'n mens baat as hy die hele wêreld win en aan sy siel skade ly?*
Matt. 6:33 *Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.*

Reaksies

PST! KAN EK ASSEBLIEF 'N BIER KRY?

Frans Douma

Pa! Ma! Ek mag einde vanjaar kongres toe gaan. Hoera! Ek kan nie meer wag nie! Dan gaan ek weer vir André en Douw ontmoet. Sê my pa, pa gaan my einde vanjaar uithelp met geld nê?

Ons almal sien weer uit na die kongres aan die einde van die jaar, waar ons weer ons vriende, moontlik my trouman of vrou, mag ontmoet. Dan kan ons weer fees vier en bly wees, maar ook dankbaar dat God ons gespaar het, dat ons as VGK landwyd onder God se aangesig Hom mag dien en eer.

Maar, die vraag bly steeds staan: Kan ons Hom dien en eer met 'n bier in die hand? Verskeie opinies kom na vore en het ook in die verlede na vore gekom. Met die laaste opinie moes ek myself dapper gevoel het omdat ek die artikel gelees het. Ek het myself dapper gevoel, maar ook eerlik gesê teleurgesteld. Is daar dan 'n probleem met geloof en bier? Het Jesus nie self water in wyn verander nie (Joh 2:1-12) Daardie wyn was nie sonderloos omdat Jesus die fabrikant was nie. Nee! Jesus se wyn was selfs beter as die eerste paar liters.

Tog wonderlik! Twee kontraste! Jesus nl. geloof en wyn. Jesus, my enigste, ware Trooster en Heiland. Drank, my vorm van ontspanning, plesier en blydskap. Maar mag ek as christen altwee kontraste saam op hierdie vervloekte aarde gebruik? Natuurlik!

Die feesvreugde wat God se volk vroeër mog belewe (Deut 12:7,18 ; 14:26 ; Gen 29: 22-28 ; Rig 14 ; Joh 2) en wat ons vandag besit en uitvoering aan mag gee, is nog wel besmet met moeities en verdriet. Die Prediker sê: "*Daar is 'n tyd om te ween, en 'n tyd om te lag, 'n tyd om te weerklaag en 'n tyd om van vreugde rond te spring.*" Die oorsaak daarvan lê in die sondeval en die verwoestende gevolg daarvan. In Rom 8 staan dat die skepping aan die vrugtelosheid

onderworpe is, dat sy in al haar dele sug en in barendsnood is. Die volkome verlossing van ons aardse bestaan is nog toekoms-musiek.

'n Persoon wat dit aanhoor en tot hom laat indring, moet erken dat dit weinig vreugdevol is om in so 'n wêreld, soos vandag, te moet lewe. Jy gaan jou onwilligkeurig afvra, is daar dan nog plek vir vreugde en vrolikheid vir feesvierings of sang? Prediker verwys ook na hoe hierdie wêreld vanweë die sondeval gaan lyk. Alles op hierdie aarde sal sinloos en doelloos word. Ook vreugde en genot van die goeie is ydelheid (Pred 2:1), en sal niks blywends oplewer nie.

Tog weet die Prediker ook positiewe dinge te sê oor vreugde by feesvierings. Dat hy as mens mag eet en drink en sy siel die goeie mag laat geniet by al sy moeitevolle arbeid (Pred 3:13). Hy het iets positiefs opgemerk.

Die mens mag met vreugde sy brood eet en met 'n vreugdevolle hart wyn of bier drink. Hy mag met feestelike gewaad gekleed wees en dit geniet (Pred 9:7-9). **Tog moet nie vergeet word, en dit word teen my en jou gesê, dat daar ander tye kan kom en ook sal kom, waar God my en jou oor al hierdie dinge in die gerig sal bring.**

Moet ek my dan eerder van die wonderlike feesviering weerhou om God se gerig vry te spring? Nee! Ons bely in Sondag 10, vraag 27 dat die alomteenwoordige krag van God, lower en gras, reën en droogte, voedsel en drank ens. ons nie per toeval nie, maar uit Sy vaderhand toekom. Ook sê Paulus dat die Skepper Homself nie ongetuig laat, deur goed te doen van die hemel, om ons harte met voedsel en vrolikheid te vul nie. Ons mag deur genade weet dat hierdie God deur Jesus Christus vir my 'n Vader wil

wees. Sou Hy dan nie die goeie wou gee as ons, as sy kinders, daarvoor vra nie? Ja! Elke gawe wat goed en elke geskenk wat volmaak is, daal van bo af neer.

Dan is daar nog die dorings en distels, en die trane wat nog nie gedroog is, maar tog bly daar die redes om bly te wees en fees te vier. Onse Vader in die hemel sorg vir ons as kinders en wil ons elke keer weer verryk en mooi maak. By al die moeites wat die aardse bestaan vir ons inhou gee God sy goeie gawes om van te geniet as 'n voorsmaakie vir dit wat ons te wagte mag staan. Daarom is die genot op hierdie vervloekte werêld nie ydel en sinloos nie, maar sinvol in die Here (1 Kor 15:58). So mag ons as kinders van onse Hemelse Vader lewe en feesvier op hierdie vervloekte aarde. Nie alleen in my Pa se agtertuin nie! Ook tussen jou vriende sowel as op kongres. Ook hiervoor het die Heiland sy lewe gegee.

Maar hoe dan met getuïenis op 'n kerkkamp, kongres, jeugbyeenkomste en koffieaande? Kan jy...?

Met Christus se sterwe is jy uit genade gewas deur Sy bloed en gesalf deur Sy Heilige Gees. Jy mag met vreugde uit sien na die bruidlof van die Lam, want Hy



kom. Daarom!

Verbly u in die Here! (Fil 1:4) Blydschap sonder die Here is nie ware, volkome blydschap nie. Wie bly wil wees en fees wil vier buite God om en sonder geloof, hy mis die belangrikste aangesien hierdie feeëste nie God se goedkeuring dra nie. Daarteen laat die bybel ons keer op keer sien dat God se volk fees vier maar onder sy aangesig. Die Here wil by wees as sy kinders bly en vrolik is. Dit plaas nie 'n demper op jou en my fees-vreugde nie, maar dit verhoog en verdiep hierdie vreugde aangesien ek en jy dit onder God se aangesig mag doen. Die Spreukeboek sê: Vir die blymoedige is dit altyd fees. Anders gestel vir die gelowige, vir 'n dankbare kind van God is dit elke dag 'n fees.

Sê my hoe jou feeëste is, en ek sal sê hoe staan dit met jou hart. Blymoedig! Is dit nie al 'n wonderlike getuïenis nie.

REAKSIE: DIE DRANKWESSIE

Rynald de Wit

Na aanleiding van 'n artikel oor die drankwessie deur Jaco de Wet in 'n vorige Olielamp, wil ek graag die volgende artikel met julle deel.

Kongres en drank.... Dis al 'n ou, holruggerde onderwerp. 'n Onderwerp wat al verskeie male bespreek is op jeugverenigings, sprekersaande of sommer net by koffiedrink. Nog steeds blyk dit 'n onopgeloste en sensitiewe saak te bly. In sy artikel wys Jaco op verskillende reaksies van sy koshuisvriende.

“Douw: Weet die dominee daarvan?

Gys: Drank en kerkkamp gaan nie saam nie.

Andre: Ek dink julle is verskriklik mal.”



Uit die verskillende persone se reaksies is dit duidelik dat hulle nie saamstem met drank by 'n kerkkamp of 'n geleentheid wat met godsdienstige aktiwiteite geassosieer word nie. Die vraag is ook of die dominee ooit daarvan sal weet. Later in die artikel word ook genoem: “enige van die groot drinkers wat ek ken, sou ook vir 'n week sy 2 –3 biere per dag los as die dominee af en toe 'n draai kom maak.” Nou vra ek, hoekom mag die dominee nie

weet ek gebruik drank nie? Teenoor wie lê my verantwoordelikheid: God of die dominee? Bogenoemde persone sal dus wel 'n bier of glasier wyn drink as die dominee nie daarvan weet nie. Dit klink vir my na 'n onnodig skynheilige houding. God verbied nie drank nie, dus hoef ons dit hoegenaamd nie weg te steek vir die dominee nie.

Daar word verder genoem dat op '97 se kongres 'n skriftelike stemming gehou is oor die verkope van drank op kongres, en dat die meerderheid ten gunste van gekontroleerde verkope was. Daar word ook by implikasie aangevoer dat wanneer iets gekontroleer moet word, dit sal hand uitruk sonder kontrole. Met ander woorde: 'n Stelsel waar sekere reëls of kontroles aan gekoppel word, is by voorbaat foutief omdat dit bewys dat ons sonder die reëls geen dinge goed kan doen nie. Die hele samelewing is gekoppel aan reëls, of te wel 'n gekontroleerde stelsel. Ook binne die kerk is daar reëls waarvolgens ons moet leef. God het die 10 gebooue gegee. Hy het sy Woord aan ons gegee waaruit ons riglyne vir ons lewe as Christene kry. Verder het God ons ook die opdrag gegee om op mekaar toesig te hou, en mekaar

aan te spreek as iemand iets verkeerd doen. God het ook drank gegee, en keur die gebruik daarvan nie af nie! (Christus verander water in wyn op die bruilof te Kana.) Indien daar met kontrole of onderlinge toesig drank verkoop word op kongres, bewys dit juis dat die jeug onderlinge toesig kan uitoefen, en verantwoordelik drank kan gebruik. Die verantwoordelikheid lê dan ook by die jeug om werklik iemand wat hom / haar misgaan aan te spreek, en verdere drank te weier as dit nodig sou wees.

Is dit nodig dat daar skeiding gemaak word tussen ons "Christelike lewe" en ons "alledaagse" lewe? Hoekom moet drank weggehou word sodra daar kongres gehou word waar ons kerkjeug saam is, maar by 'n ander sosiale geleentheid mag wel 'n glas bier of wyn gedrink word sonder dat dit verkeerd sou wees? Dis nie reg om ons lewe in verskillende

"hokkies" op te deel nie. Die een hokkie sal dus ons Christenwees en aktiwiteite wat daarmee gepaard gaan verteenwoordig, en die ander sal ons werk, sosiale aktiwiteite, studies ens. verteenwoordig. 'n Christen is elke dag 'n Christen. Nie net op Sondag, Dinsdagaande by JV of kerkkamp nie. Daarom moet 'n Christen ook nie sê nie: Hoe kan ek op kerkkamp (Christelike hokkie) bier gebruik (dis mos absurd) maar by 'n ander sosiale geleentheid is daar geen probleem mee nie.

Indien daar egter 'n persoon sou wees wat 'n worsteling met drank gehad het, en deur my gebruik van drank in sy of haar teenwoordigheid dalk weer in sy of haar ou sonde kan verval, is dit beter om ter wille van die persoon nie drank te gebruik nie, en dan kan drank ook nie verkoop word op kongres nie (Rom. 14:20, 21).

SPIEËLTJIE, SPIEËLTJIE AAN DIE WAND, ONS IS DANKBAAR VIR AL DIE CHRISTENE IN DIE LAND - Kongres en getuienis: Die drankkwessie

Roelof de Jong

Reaksie op artikel in Olielamp Jaargang 3 nr.3: "Spieëltjie, spieëltjie aan die wand, waar's 'n Christen in hierdie land?"

Met die lees van bogenoemde aangehaalde artikel het die volgende punte dadelik by my opgekom:

- Die skrywer was nog by geen kongres om werklik te sien hoe verloop van sake is nie.
- Die reaksies van koshuisvriende en huismoeder is ooglopend indien **slegs** gekyk word na wat hulle sou dink van 'n kerkkamp waar drank verkoop word.
- VGK word goedkoop gemaak met behulp van die keuse van die opskrif, asook dat ons indirek gelyk gestel word aan 'n amperse alkoholis, 'n voorstaander van die reïnkarnasie teorie en mense wat eintlik nooit in die kerk kom nie.



Dit is miskien goed om eers 'n prentjie te skilder hoe die program gewoonlik by die kongres verloop. 'n Referaat(e) of werkswinkel(s) word in die oggend aangebied tot middagete.

In die middag word ontspanning gehou (waterkaske-nades/swem/sokker/boeresport/stap in die natuur of iets dergelyks). Na aandete word meestal die volgende aangebied: kenmekaar, ontgroening, speletjies, karaoki, sing by 'n kampvuur, 'n debat, video of 'n kers-ete.

Meningsopnames oor die jare het dit al duidelik laat

blyk dat 'n Kongres nie alleenlik gehou word vir die kerklike sy nie, maar ook vir die sosiale kant. Die sosiale kant neem ook 'n baie belangrike plek in omrede ons mekaar maar min sien en ontmoet as jeug van die verskillende VGK-gemeentes in S.A. Verder is dit vir vele ouers 'n groot vreugde dat hul kind(ers) nog met die jeug in ons kerke meng en omgaan. Die punt wat ek uit bogenoemde wil tuisbring is dat die hele dag nie net aandag aan kerklike aktiwiteite gegee word nie. Drank word dus nie genuttig tussen-in of net na 'n referaat nie.

Wanneer die sosiale kant inkom in die aande of na die Kaap/Gauteng-sokkerwedstryd word daar gekontroleerd bier verkoop.

'n Jeuglid van ons gemeente het bogenoemde scenario eers deeglik uiteengesit vir kollegas by die werk, en snaaks genoeg is hulle reaksies byna teenoorgestelde as in die artikel in Olielamp 3 nr.3. Daar is dus 'n duidelike verskil om te vra "Wat dink jy as hulle drank verkoop op 'n kerkkamp" of om bogenoemde uiteensetting aan iemand voor te hou.

Die volgende is aanhalings uit genoemde artikel: "Sou ek die VGK aan hulle kan voorhou as 'n beter alternatief in 'n land waar dwaalleer en gelykwording met die wêreld hooggety vier? **Beslis nie!**" en " Waar's 'n Christen in hierdie land?" en " hoe donker lyk die prentjie vir die ware kerk van alle eeue in Suid-Afrika nie!" en ons word as't ware gelykgestel

aan alkoholiste, reïnkarnasie-teorie en mense wat byna nooit kerk toe gaan nie.

Kan ons dit van ons kerke skryf, veral om te dink dat ons almal elke Sondag ons geloof openlik in die kerk voor God bely? Met die fondament Christus in ons lewe en die Bybel as riglyn kan ons mos na buite uitgaan en openlik sonder skaamte ons geloof bely. Met dié fondament kan ons mos getuies in die wêreld wees? Paulus sê ook: "Ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo." Laat ons dus ook God daarvoor bid om ons krag daartoe te skenk.

Punte waaroor gepraat kan word, asook waaroor gedagtes gerol kan word omtrent drankgebruik (spesifiek op kongres):

1. 'n Mening is gelug dat, omdat drank gekontroleerd verkoop moet word, dit dus al verkeerd is. Sal gewone snoepie- of kantienverkope nie ook hand uitruk as elke persoon maar net sy geld in 'n sentrale pot gooi wanneer hy iets in die kantien "koop" nie, m.a.w. as daar geen persoon is wat jou help met aangee van items asook berekening en afhandeling van skuld. (Vergelyk dus potensiële diefstal teenoor potensiële drankmisbruik).
2. In 1990 is besluit om nie drank op kongres te verkoop nie en wat was die gevolg? Die jeug het self drank ingebring, en dan is dit nie net 'n biertjie nie, maar sterk drank! Die gevolg is dus ook dat dié mense apart êrens gaan drink en dus die gees van die hele kongres kwets. Verder het ek by 3 persone van die N.G.Kerk gehoor dat drank ingesmokkel word by hulle kerkkampe. In 1997 het Johannesburg se Kongreskomitee oorspronklik geen drank verkoop nie – wat het 'n paar ouens toe gemaak wat 'n biertjie later kongres toe gekom het? – Drank ingebring. Hoe weeg ons dus goedgekontroleerde drankverkope (slegs bier) op teenoor dié negatiewe misbruik wat die verlede al bewys het?
3. Ek persoonlik het nog op geen kongres die

opmerking gehoor van "Kom ons suip vanaand", of iets dergeliks. 'n Biertjie word rustig geniet net soos 'n koeldrank.

4. Moet wyn met Kersete nie maar verbied word vanweë hoë alkohol-inhoud asook die druk omdat almal maar 'n glasië nuttig nie?
5. Die skrywer van genoemde artikel verwys na skrifgedeeltes dat ons geen struikelblok vir ons naaste moet wees nie. Heeltemal tereg is dit waarna verwys word. My vraag is net wanneer is drankgebruik asook rook (om dit dan ook by te trek) 'n struikelblok vir jou naaste?

- Moet ons die kantien wegvat omdat daar een koeldrank gesteel word?
- Moet ons die kampvuur wegvat as daar om geslaap word?
- Moet ons musiek wegvat as verkeerde musiek gespeel word?

Mag God so die Pretoria-gemeente seën met die kongresreëlings vir hierdie jaar. Verder wil ek net vra dat hulle baie versigtig sal wees in die maak van radikale besluite (wat dus van kongres-tradisie afwyk), omrede die verlede al bewys het dat jeuglede vinnig negatief daardeur raak. Laastens maar nie die minste nie wil ek die volgende tekste voorhou wat van toepassing is op die fondament van ons geloof (waarna hierdie artikel verwys):

Gal. 2:16: *Die mense word nie geregverdig deur die werke van die wet nie, maar alleen deur die geloof in Jesus Christus.*

Gal 5:16: *Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikhede van die vlees volbring nie.*

Rom. 5:11/ Gal.6:14: *Roem in die kruis van onse Here Jesus Christus.*

Rom. 8:38+39: *Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons al kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.*

WAAROM GAAN DIT WERKLIK?

Ds Christo Heiberg

Dit is goed dat daar diskussie oor die "drank-kwessie" kan wees. Uiteindelik gaan dit nie hier oor sterk drank as sodanig nie, maar oor 'n veel groter saak - ons boodskap na buite. Dit gaan oor die REG van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika om haarself voor te gee as die kerk van Christus in Suid-Afrika, waarby alle gelowiges hulle behoort te voeg

(NGB 28). Die "drank-op-kongres-saak" staan dus nie in isolasie nie. **Dit kan die barometer wees van 'n hele gesindheid**, naamlik of ons dienaars van die Evangelie wil wees (vgl. 1 Kor. 9:19-23) of vernietigers daarvan, wat terwyl ons vir ander gepreek het, self verwerplik geword het (1 Kor. 9:25-27).

1 Kor. 9: 19-23

19. Want alhoewel ek van almal vry was, het ek my aan almal diensbaar gemaak om soveel van hulle as moontlik te win.
20. Vir die Jode het ek soos 'n Jood geword om die Jode te win; vir die wat onder die wet is, soos een wat onder die wet is, om die wat onder die wet is, te win.
21. Vir die wat sonder die wet is, soos een sonder wet - al is ek nie sonder die wet van God nie, maar onder die wet van Christus - om die wat sonder die wet is, te win;
22. Vir die swakkes het ek soos 'n swakke geword om die swakkes te win; vir almal het ek alles geword om in alle geval sommige te red.
23. En ek doen dit ter wille van die Evangelie, dat ek 'n deelgenoot daarvan kan word.

24. Weet julle nie dat die wat op die baan hardloop, wel almal hardloop, maar dat een die prys ontvang nie? Hardloop só dat julle dit sekerlik kan behaal.

1 Kor. 9: 25-27

25. En elkeen wat aan 'n wedstryd deelneem, onthou hom in alles - hulle nogal om 'n verwerklieke krans te ontvang, maar ons 'n onverwerklieke.
26. Ek hardloop dan soos een wat nie onseker is nie; ek slaan met die vuis soos een wat nie in die lug slaan nie.
27. Maar ek kasty my liggaam en maak dit diensbaar, dat ek nie miskien, terwyl ek vir ander gepreek het, self verwerplik sou wees nie.

KONGRES EN DRANK

Dirk Boon

Die kongres het 'n mooi tradisie geword onder die jeug in ons kerk. Dis 'n goeie ding om so te kan kongres hou waar ons mekaar as kinders van God in een kerkgemeenskap beter kan leer ken. 'n Mens kan die Here dankbaar wees vir die goeie wat ons daaruit kan put.

Daar is 'n tyd vir alles. Ons kerke, en die kerke om ons, is op die oomblik in 'n staat van vinnige verandering. Dit is byvoorbeeld sigbaar aan die nuwe dominees wat by ons aangesluit het (waarvoor ons baie dankbaar kan wees). Bethal het aangesluit by ons kerkverband. Daar is verder baie ander kerke en dominees waarmee ons in aanraking kom, wat beswaard is oor die rigting van die ander kerkverbande in Suid-Afrika. Ons kry nuwe jeuglede by wat nie soos ons 'n resente Nederlandse agtergrond het nie. Mense wat nie gewoon is aan ons manier van doen nie. Kortom, dinge verander deesdae baie vinnig en in 'n kort termyn. Dieselfde is sigbaar in ons land. Suid-Afrika is baie vinnig besig om te verander in 'n land met 'n gesig wat ons minder goed ken. In baie opsigte 'n land wat wegdaal van God af. Dit gaan van ons vereis om baie skerper met die bril van die Skrif na alle ontwikkelinge in die land te kyk. Dit gaan van ons vereis om 'n vermoë te ontwikkel waarmee ons weet hoe om die Gereformeerde en Christelike leer te verdedig.

Ons moet bereid wees om in so 'n mate aan te pas, dat ons alles wat in die pad staan van die verkondiging van die Woord van God (al is dit nie heeltemal verkeerd nie), sonder skroom en aarseling sal wil verwyder!

Dit beteken dus dat ons in baie opsigte dinamies sal moet wees. Ons sal moet kan aanpas om te sorg dat die ware Evangelie van Christus nog steeds verkondig kan word binne en buite die kerk. Ons sal baie keer na nuwe moontlikhede moet gaan soek om ons opdrag as kerk in Suid-Afrika te kan vervul. En dit gaan noodwendig beteken dat sekere ou instellings en tradisies laat vaar sal moet word, om plek te maak vir nuwes wat nog meer gaan verseker dat die ware Evangelie sy ingang in mense se harte kan vind. Want dis mos die belangrikste wat moet gebeur in hierdie land en in die hele wêreld: Die suiwer verkondiging en uitbreiding van die Woord van God? Ons moet bereid wees om in so 'n mate aan te pas, dat ons alles wat in die pad staan van die verkondiging van die Woord van God (al is dit nie heeltemal verkeerd nie), sonder skroom en aarseling sal wil verwyder!


Daar is niks met 'n biertjie verkeerd nie. Omdat die Here dit gemaak het. Maarten Luther was iemand wat wel van sy biertjie gehou het! Op seker al die afgelope kongresse is daar bier verkoop. As ons regtig met verantwoordelikheid daarmee omgaan binne die perke wat die Here aan ons gestel het in die opsig, mag ons daarvan geniet. Omdat ons nie 'askete' is nie (askeet = iemand wat hom afsluit van alles wat hom aan die wêreld herinner).

Maar ons lewe in 'n veranderende tyd! Daar is nuwe jeuglede wat ons kongres gaan bywoon wat geloofsbesware het teen die verkoop van drank op kongres. Mense wat nie kongres toe sal kom as hulle weet daar is drank nie. Ook mense wat swak is in die geloof (nie almal wat van buite af kom is swak in die geloof nie!!). Dit beteken dus dat die verkoop van drank op kongres 'n struikelblok word in ons onderlinge omgang met mekaar as kinders van God. Dit word dan 'n struikelblok vir die uitbreiding van die Evangelie!

En Paulus sê in 1 Korinthiërs dat as die eet van offervleis sy broeder sal laat struikel, sal hy in der ewigheid NOOIT vleis eet nie! As dit beteken dat die verkoop van drank op kongres die swakke in die

geloof sal laat struikel, en die verbreiding van die Evangelie in die weg staan, sal ons dinamies moet wees en bereid wees om NOOIT meer drank te soek op kongres nie!

Op hierdie oomblik is (teenwoordige tyd) ons in so 'n situasie waar mense geloofsbesware daarteen het. Daar is sekerlik ander dinge waaraan ons gewoond is, wat vroeër nie noodwendig verkeerd was nie, maar wat vandag in die pad staan van die uitbreiding van die Woord van God. Ons sal hulle moet identifiseer en verander! Nie dat ons liberaal moet word nie. Maar om in die Suid-Afrika van vandag 'n lamp te wees wat skyn in die duisternis vir die wat honger en dors na die lewende water.



Rehobot

Gen 26:22 : " Nou het die HERE vir ons ruimte gemaak"

Jeug van die Vrye Gereformeerde Kerk te Bellville

DEUR DIE SLEUTELGAT

Ons sit almal nou in die middel van die eksamen, maar tog het die jeug in die Kaap tyd vir ontspanning. Ja, so tussen die bedrywighede deur maak ons tyd om bietjie saam te kom. Op Saterdag, 29 Mei, het ons almal op-"gedress" vir die Safari-ete. Die tema was dat jy soos 'n sprokie- of storieboekarakter moes aantrek. Ons het om 17:00 by die kerk bymekaar gekom. Daar het Morné die klein kinders, wat daar rondgespeel het, die skrik op die lyf gejaag met sy monsteragtige masker. Toe Marco vir Morné die eerste keer sien, vra hy vir hom waar sy suster is en of sy besig is om te leer... Wel, vir dié wat nie weet nie, Morné het net een suster en sy is klaar getroud. Effens geflous daar, né Marco. Na wie se suster het jy in elk geval verneem?

Ons het die Safari-ete by Superman se huis begin. Dis nou Ewart. Hy het met sy "wetsuit", "teedoek" en nog ander kledingstukke die regte Superman laat skaam kry. Daar by sy huis het ons die sherry gedrink. Vandaar is ons na Scheltens se huis vir die voorgereg. Dit was net genoeg om ons mond te laat water vir die

hoofgereg. Dit het ons by die huis van die familie Van Alten gekry. Ons het Chinese ete gehou en moes ons eie kos op die skottel maak. Hier het duidelik geblyk wie kan kosmaak en wie nie. Ou Frank-man het vir my nogal na 'n kranige kok gelyk. Ek is seker die dames was beïndruk, Frank.

Hier het ons ook die pryse uitgedeel vir die beste verkleeding. Monique en Jacques het saam die een prys gekry. Hulle was 'n feetjie en 'n dwerg. Met Jacques se forse gestalte was dit eerder 'n feetjie en 'n berg. Ewart (Superman) was die ander pryswenner en het groot applous en gefluit ontlok.

Hiervandaan het ons na die huis van die Van der Vinnes beweeg vir die nagereg. Mr. Bean het juis ook op daardie stadium gewys. Foutjie! In alle haas is die nagereg opgeskep en het die mense na die sitkamer gestorm om hulle plekkie voor die kassie te bespreek. Uit die gelag het ek opgemaak dat dit goeie vermaak was.

Uiteindelik het ons koffie met koekies by Visser in Kuilsrivier gaan geniet. Teen hierdie tyd was die meeste kostuums al bietjie verformfaai en het die gesigte weer herkenbaar begin word. Ek het gedog die Safari-ete kan 'n welkome verandering bring in hierdie gesigte waarteen jy altyd weer moet vaskyk, maar ek was tog maar te bly toe die ou gesigte weer te voorskyn kom. Julle lyk maar almal die beste soos wat julle werklik is.

Dankie vir al die jeug wat die moeite gedoen het om te verklee en die aand baie aantreklik en aangenaam te maak. 'n Besondere dankie aan die dames wat hierdie safari-ete gereël het. Carina, Marié en Carien, dit was ongelooflik goed en dankie vir al die moeite en tyd wat julle ingesit het om dit 'n sukses te maak.

Die volgende ontspanning is, volgens my kennis, 'n wyntoer. Dit word beplan vir die 26e Junie. Groot pret, glo my!

Ek het in die laaste uitgawe genoem dat ons weer beplan om te gaan slote grawe. Wel, dit het gerealiseer en ons het 'n goeie paar rand gemaak. Die mense wat daar was, kan getuig dat hulle ten spyte van die werk tog baie pret ook gehad het. Dankie vir almal wat kom help het. Al daai geldjies help om ons kongres-las aan die einde van die jaar ligter te maak. Dankie ook vir Christine wat die bal aan die rol gesit het om dit te reël.

My sleutelgat is die laaste tyd baie skoon en ek sien

'n paar goed wat baie interessant is. Ek wil nou nie die kar voor die perde span nie, so ek sal eers maar stilbly. Ek wil tog noem dat daar hier en daar 'n paar verwickelinge is op die gebied van "sosiale verhoudings" wat die moeite werd is om dop te hou. Julle moet almal maar bietjie rondkyk en my laat weet as daar iets insiggewends is. Ek kan vir julle ook sê dat ek deur die "grapevine" gehoor het van 'n paar baie interessante verwickelinge daar anderkant die Vaal. Maar wag, laat ek nou nie my kollegas daar in Gauteng se troefkaarte van hulle afvat nie.

Aan almal wat in die afgelope maand verjaar het en wat nog in die komende maand gaan verjaar: baie geluk! Ons dank die Here vir julle bewaring en ons bid julle ook sy seën toe vir die jare wat gaan kom.

O ja, voor ek vergeet, ons vriend Floris het aangesluit by die moderne wêreld van tegnologie. Hy het "e-mail" gekry en ek gee vir julle die adres: antonidesf.eng.und@eng.und.ac.za
Kom ons stuur vir hom daar 'n briefie.

Julle gaan hierdie Sleutelgat tien teen een te laat kry om dit te kan waardeer, maar vir wat dit werd is: baie sterkte aan almal wat eksamen skryf. Ons hoop dit gaan goed. Baie sterkte ook aan die werkendes. Hou moed en moenie te hard werk nie.

Wag, dis tyd dat ek aan die werk kom.
Sien julle weer
Die Sleutelgat"swotter"

VERJAARSDAE

Bethal

Elize Botha 25 Aug

Kaapstad

Antionette Raimond 1 Jul
Marc Douma 6 Jul
Carina van Alten 6 Aug
Clara van der Vinne 6 Aug
Margreet Moes 6 Aug
Ewart Antonides 10 Aug
Sandra Scheltens 20 Aug
Wietske Douma 26 Aug
Monique Visser 28 Aug
Theo de Vries 29 Aug
Mirjam Raimond 31 Aug

Johannesburg

Riekert van Lith 2 Jul
Esther Kuyvenhoven 21 Jul
Leon Byker 13 Aug
Robbert van den Brink 14 Aug

Maranata

Ria de Vries 2 Aug
Annelie de Jong 6 Aug
Jurrie Eilers 17 Aug
Thea de Jager 17 Aug

Pretoria

Martyn Ros 1 Jul
Gerhard Bijker 5 Jul
Lientjie de Jager 10 Jul

Gerieke Meijer 21 Jul
Henk van der Veen 24 Jul
Tineke Hagg 28 Jul
Jan van Houwelingen 1 Aug
Erik-Jan de Wit 2 Aug
Wilma Lubbinge 3 Aug
Hilde Ros 5 Aug
Marja Hagg 5 Aug
Dorien Slump 16 Aug
Laurike Bosker 21 Aug
Albert Smit 22 Aug
Anja Kamphuis 22 Aug
Martin Kamphuis 22 Aug
Annet Lubbinge 23 Aug
Alida van der Horst 28 Aug